Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die Ossewabrandwag is nasionaal omdat hy vir die voortbestaan van die Boerevolk veg.*

# Die O.B.

*Die Ossewabrandwag is sosiaal omdat hy vir die eerbare bestaan van elke volkslid veg.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 1 SEPTEMBER 1943. No. 41.

## DRIE KOMMANDO'S OES LAND VAN GEÏNTERNEERDE SE EGGENOTE

Uit Bethal, Transvaal, word berig dat ingevolge 'n beroep op offisiere by geleentheid van die viering van 8 Augustus (Kom. E6B2) om die eggenote van die geïnterneerde Hoofkommandant te help met die oes, drie kommandante met hul offisiere en manskappe die volgende oggend vroeg in die land geval en dieselfde aand nog 13 morg afgeoes en uitgery het.

Uit hierdie optrede straal duidelik die nuwe gees van broederskap en hoederskap wat binne die Ossewabrandwag heers, daardie gees wat ook in die eed vasgelê is om die mede-Afrikaner nooit in die steek te laat in die stryd of aan die vyand oor te lewer nie. Dit lewer verder 'n treffende bewys aan die twyfelaars wat verrig kan word as 'n volk gedissiplineerd die stryd aanpak. Met eenheid van kragte sal die Volksbeweging elke moeilikheid op sy pad oorwin.

## VOLKSBEWEGING WIL HELE VOLK VERENIG

### Posisie van Vreemdelinge

Die Volksbeweging wil die volk met al sy lede en al sy samelewingskringe verenig, met die oog op die vestiging en onderskraging van sy republikeinse volkstaat; daarom beperk dit sy eenheidstrewe tot wat noodsaaklik is vir die verwesenliking van hierdie nasionale eenheidsbestemming, en laat die volkslede en alle samelewingskringe verder vry in die pligmatige uitwerking van hul eie bestemming. In besonder erken dit die vryheid van die Christelike kerk en die selfstandige waarde van die huisgesin en wil dit die verskillende historiese volksorganisasies eerder saamskakel as vervang of ondermyn.

**Die Volksbeweging sluit noodsaaklikerwys die volksvreemde en rasvreemde uit; dit beskou die vreemdeling in die volksvaderland as 'n gas, maar is bereid om hom in te lyf sodra en in sover as hy bereid en bekwaam is om hom met die vaderlandsvolk te vereenselwig, eers in sy arbeid en dan ook in sy gesinsverband.** Teenoor die gekleurde rasse, en in besonder die inheemse, staan die Afrikaanse Volksbeweging as die voog op grond van die historiese bestemming van die Afrikanerdom in hierdie verband.

Die Volksbeweging stel sy vertroue in die eerste plaas op God, die Skepper van alle volke, en vind sy vernaamste krag in die uitlewing van die ewige beginsels van sy Woord; in die tweede plaas glo dit in die roeping en lewenskrag van die eie volk; maar in die derde plaas soek dit ook aansluiting by verwante en bevriende volke in die buiteland, en as Beweging rig dit nou reeds sy oog onafgebroke op die vervulling van sy toekomstaak in 'n nuwe wêreldorde wat ten minste die verlede se besondere euwels sal uitskakel. In die geloof sien dit daarby selfs die onmoontlike as moontlik in sover dit noodsaaklik is vir die verwesenliking van daardie taak.

Hierdie taak is die saamvatting en voortdurende versterking van alle volkskragte om die vrye volkstaat te kan dra tot die beskawingsontwikkeling van Suidelike Afrika in noue aansluiting by Europa, en wel so dat die bodemskatte en die menslike kragte van Afrika in diens gestel mag word van die Christelike kultuur van die Weste eerder as van die heidense kultuur van die Ooste.—(Beleidsbeginsels.)

## JEUGOFFER

Corlendia Dumas van Kuilsrivier, wat op die oomblik in die kosskool Bloemhof (Stellenbosch) is, het uit die sakgeld wat sy van haar ouers ontvang, £1-12-9 aan pennies bymekaar gemaak wat sy in die Noodhulpfonds gestort het.

## „K.G. HET SERTIFIKAAT UIT TRONK ONTVANG"

### Geesdriftige Vergadering Op Vredefort

Die viering van Ossewabrandwagdag op 14 Augustus te Vredefort is bygewoon deur die Kommandant-generaal, generaal ds. S. J. Stander, genl. J. W. Meyer, mev. J. J. Ferreira van Edenville en hoofkomdt. Frans de Jager. Die stadsaal was altoos vol. Die verkopinge het £100 opgelewer en vir die Vryheidsfonds is £500 ingeteken. Daar het 'n pragtige gees geheers wat belowend is vir die toekoms.

Die Kommandant-generaal het beklemtoon dat die reaksie op die eleksie ten gunste van die O.B. is. Oral vind ons groei en stukrag — selfs die S.J.'s is sterker as ooit tevore.

Ds. Stander het gesê dat ons stryd nie teen die een of ander party is nie, maar teen die ingevoerde Britse partystelsel wat 'n vloek vir S.A. geword het. Ons sal strewe om hierdie stelsel uit te roei en verder om volkome vryheid op staatkundige, ekonomiese en geestes-gebied te verkry.

Hoofkomdt. De Jager het verklaar dat hy een van die weinige O.B.'s is wat nie sy stem uitgebring het nie — daartoe het hy reeds voor die ontstaan van die O.B. besluit, naamlik om nooit weer onder die Brits-Joodse stelsel te stem nie. **„Ek sal weer stem wanneer ek vir 'n Volkskandidaat in 'n vrye Republiek kan stem,"** het hy gesê.

Mev. Ferreira het gesê: „Gaan kyk waar Afrikaners langs koelies en kleurlinge in krotte woon. Jy vra jou af: **het hierdie mense nie 'n verteenwoordiger onder die huidige stelsel gehad nie?"**

Mnr. Gordon Tomlinson het verklaar dat dit onnodig is om dank aan die K.G. te betuig. Van Partyleiers het hy hoon, belastering en bespotting ontvang; van die redakteurs van ons christelike en nasionale koerante 'n uitsending van agterdog, verdraaiings van die waarheid en beskindering. **Die K.G. het sy dank en sy sertifikaat as Afrikaner nie van hulle ontvang nie, maar van die meer as 50 Afrikaner-O.B.'s en S.J.'s wat hom in die tronk Die Lied van Jong Suid-Afrika toegesing het en wat man vir man hom die S.J.-Saluut in die hof gegee het.**—(Meegedeel.)

## K.G. VERRAS WORCESTER

Worcester het op Saterdag, 21 Aug., Ossewabrandwag met groot welslae gevier. Die kommando was aangenaam verras toe die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, heel onverwags op die funksie afgekom en 'n toespraak gehou het. Die K.G. is op die oomblik op vakansie en het toevallig na Worcester gegaan onwetend van die byeenkoms.

## OP DIE SPOOR VAN DIE OSSEWA VYF JAAR GELEDE



Die grootste ontvangs sedert die vertrek uit Kaapstad het die Ossewatrek op George te beurt geval. Te midde van tonele van verbysterende geesdrif het 'n twee myl lange stoet die waens die dorp in gevolg. Die kommando het voorop gegaan gevolg deur die twee trekwaens met 3,000 skoolkinders in gelid, daarna 25 ossewaens en honderde motors. Daar was by die 10,000 mense teenwoordig. Oral langs die pad is die Trek geesdriftig begroet en onthaal. By Langhoek het die 77-jarige oom Jan Volschenk en die 76-jarige oom Martiens Barnard met hul gades die Trekkers seën op die reis kom toewens.

Die Ossewabrandwag sit die trek voort na eenheid en vryheid!

## „SAL BOD MAAK VIR BLOEKOMTAK"

### Geesdrif op Wolseley.

Die Veldkornet van Wolseley noem 'n paar voorbeelde om die groot geesdrif aldaar te illustreer.

Omdat sy nie in staat was om iets tot die 8 Augustus-fonds by te dra nie, het die Veldkornette 'n dame 3/- gegee om mee te woeker. Sy het 'n kappie en sokkies vir 'n baba ingehandig as ook 3/-. „Want as ek die 3/- hou, het ek niks gegee nie," was haar opinie.

Mnr. Ernst van Schalkwyk, wat 'n paar dae se arbeid moes opoffer om 'n aantal swingels en kapstokke te maak, het waarlik die gees van „vandag moet ek offer" aan die dag gelê. Sy bydrae het dan ook die £5-merk oorskry. So geweldig was die drang om by te dra, dat die volgende opmerking van 'n oubaas glad nie onvanpas was nie: „Maar dit lyk vir my as 'n mens 'n bloekomtak afbreek en jy sê dit is jou bydrae tot die O.B. dan gaan die kêrels sommer dadelik 'n bod maak".

## VERJAARDAGKETTING

**2 Sept.:** Gerbreggie Liebenberg (Upington), Charel du Plessis (Sutherland), Andries Olivier (Sutherland), John van Rensburg (Dist. Mosselbaai).

**3 Sept.:** Maira de Fin (Malmesbury), Martha de Vos (Sutherland), Sacharia Fourie (Lambrechtsdrif), A. C. J. Lombard (Somerset-Oos), Willem Bouwer (Kirkwood).

**4 Sept.:** Maria Tredoux (Tiervlei), Cornelia Muller (Sutherland), Izak Delport (Sheldonstasie), Abraham Esterhuizen (Malmesbury).

**5 Sept.:** Deboo Last (Heidelberg, Tvl.), Marie Ackermann (Stellenbosch), Truida Nieuwoudt (Stellenbosch), Francoiz Botha (Paarl), Hendrik Weidemann (Cradock).

**6 Sept.:** Helene Lötter (Pearston), Isa Nel (Pearston), Hendrika Heyns (Sutherland), Jan Jooste (Sutherland), Petrus Stephanus (Mosselbaai), Gesina Westraad (Kirkwood),

**7 Sept.:** Josina de Goede (Observatory), Gawie Havenga (Maribogo), Susara Louw (Marchand).

**8 Sept.:** Esias van Rooyen (Stellenbosch), Sybrand de Beer (Upington), Seppie du Toit (Maribogo), Etienne von Wielligh (dist. Paarl).

'N

# GULDE GELEENTHEID

**IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD**

**Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.**

**U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van**

# EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ......................................................................

......................................................................

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

G. A. FICHARDT, Beperk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie, doen dit tog dadelik!*
*MÔRE MAG TE LAAT WEES*

**GENERAAL J. B. M. HERTZOG**

***'n Lewensgeskiedenis***

deur

**C. M. van den HEEVER**

★

Verskyn Eersdaags

★

**Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!**

**HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT**

**Prys £1-2-6**
EN POSGELD 1/6

**Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontantbestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.**

**DIE OPLAAG IS BEPERK**

**AFRIKAANSE PERS BEPERK**
Posbus 845. Johannesburg.

VERLOWINGS, HUWELIKE, GEBOORTES
Kondig dit aan in DIE O.B.

# Gesonde Sosialisme Kan Ekonomiese Knegskap Beëindig!

**D.L. 9/43.**

Geen volk kan gesond na liggaam en siel ontwikkel, sy vaderlandsbodem behoorlik in stand hou en sy skeppende arbeidskrag tot volle ontplooiing laat kom as daardie volk in 'n toestand van ekonomiese knegskap verkeer nie. Het die Afrikanervolk dan nie genoeg ondervinding hiervan nie? Dit is nie nodig dat ons die toestand van knegskap waarin die Brits-Joodse kapitalistiese stelsel ons volk gedwing het, nader ontleed nie, want elke Afrikaner wat 'n oog vir die werklikheid het, is bewus daarvan.

Die politieke partye van die Afrikanerdom het nog altyd net die klem op nasionalisme gelê en nagelaat om ook 'n gesonde sosiale gees in ons volk vaardig te maak. **Die gevolg is dat terwyl die Afrikanervolk vandag op 'n warme nasionale gevoel kan roem, die vierhonderd-duisend blanke armes in ons midde as 'n verwyt teen die verwaarlosing van ons sosiale gesindheid getuig.** Terwyl ons daarna gestreef het om ons volk aan sy siel gesond te hou, het ons toegelaat dat hy aan sy liggaam skade ly, en nou is die sieklike liggaam besig om ook die volksiel te verkanker.

Met sy veertigjarige omswerwe in die woestyn van die kapitalistiese „paradys" het die Afrikanervolk ten minste één waarheid geleer en dit is dat dit 'n volk niks baat om net nasionalisme te preek terwyl hy nalaat om ook 'n gesonde sosialisme uit te leef nie, d.w.s. sy siel bearbei maar nalaat om sy liggaam te verpleeg. Gelukkig vir ons volk het die Ossewabrandwag hierdie leemte ingesien en by monde van sy Kommandant-generaal onomwonde aan die wêreld verklaar dat hy veg vir 'n eie Republiek, **nasionaal en sosiaal van aard.** En omdat die O.B. as Volksbeweging hom vierkantig op die nasionale en sosiale grondslae van ons volksbestaan gevestig het, kan hy dag-in en dag-uit die vryheidstryd van ons volk voer met die vaste wil en oortuiging dat die toekoms aan hom behoort.

Aangesien die O.B. ook vasberade is om die sosiale stryd van ons volk te stry, het hy hom ten taak gestel om 'n sosiale rewolusie in hierdie land teweeg te bring. Daarvoor is nie alleen nodig dat die Afrikanervolk weer sy regmatige plek in die ekonomiese lewe van sy land sal inneem nie, maar dat ons ekonomiese lewe ook op so 'n grondslag ingerig moet word dat dit die uitlewing van 'n gesonde volksosialisme sal bevorder.

## BETEKENIS

**Met sosialisme bedoel ons dat elke volkslid reg op 'n menswaardige lewensbestaan in sy/haar vaderland het. Aangesien die O.B. uitgaan van die huisgesin as grondslag van ons volksbestaan, beteken dit dat die broodwinner genoeg moet verdien om die gesin behoorlik te voed, kleed en huisves.** As ons praat van welvaart dan bedoel ons nie die ophoping van rykdomme en weelde nie maar wel voorsiening in die nodige lewensbehoeftes. Hoe moet ons ekonomiese lewe ingerig wees om in die behoeftes van ons volk te kan voorsien?

Ons volkswelvaart moet naamlik gebou word op grond van die blywende en natuurlike hulpbronne van ons land en wel op so 'n wyse dat dié bronne so vér moontlik ten behoewe van die nageslagte in stand gehou word en waar moontlik, selfs verbeter word. Vir die O.B. bestaan ons volk nie net uit die geslagte wat was en is nie, maar ook en veral uit dié wat nog kom. Die kapitalisme het ons hele landsekonomie op 'n verdwynende bate, nl. goud, gebou en het toegelaat dat ons bodem, wat ons volk se natuurlike en blywende bate is, verwaarloos en uitgeput raak. **Die taak van ons sosiale staat sal wees om weer ons ekonomiese lewe op grondslag van 'n gesonde landboubedryf in te rig en om verdwynende bates soos goud en ander minerale ter bevordering van hierdie hoofdoel aan te wend.**

Ons nywerheidswese moet gebou word op die verwerking van ons landbouproduksie met die oog op die behoorlike voeding, kleding en behuising van ons volk. Dink maar aan die geweldige moontlikhede wat die bereiding en verwerking van ons voedsel, die vervaardiging van ons klere, en behuisingsmateriaal aan ons nywerheidsproduksie bied.

Die landbou- en nywerheidsproduksie moet in die eerste plaas gerig wees op die voorsiening in eie behoeftes. Eers wanneer in eie behoeftes voorsien is, kan ons vir buitelandse markte produseer deur te konsentreer op dié goedere wat die beste afsetmoontlikhede bied en in die lewering waarvan ons die grootste relatiewe ruilvoordeel besit, met inagneming van die noodsaaklikheid om ons produksiebronne in stand te hou. **Waarom sal ons byvoorbeeld langer ons grond uitput deur die uitvoer van mielies te subsideer terwyl ons elke jaar moet aanskou hoe duisende skape en beeste in tyd van droogte vrek omdat hulle nie mielies kan kry nie? Suid-Afrika het lank genoeg ander volke ten koste van homself gevoed.**

Die sosialisme wat die O.B. nastreef is nie staatsosialisme nie maar **volksosialisme.** Ons beskou nie die volkslid as 'n blote werktuig van die staat wat ook alle eiendom besit, soos die geval met die kommunisme is nie. Die beginsel van selfbestuur in die ekonomiese lewe word erken en eerbiedig en die private eiendom en persoonlike ondernemingsgees van die volkslid word beskerm en aangemoedig, solank hy dit nie misbruik om sy volksgenote uit te buit nie. Die staat gee slegs leiding aan en hou toesig oor die ekonomiese lewe in belang van die volksgeheel, behalwe in die geval van sleutelbedrywe waaroor die staat regstreeks beheer neem.

## SELFBESTUUR

**Die strewe is dat elke vertakking van die ekonomiese lewe hom uiteindelik self deur middel van sy eie bedryfsorganisasies moet bestuur, in noue verbinding met staatsleiding.** Met die oog hierop heg die O.B. as Volksbeweging ook besonder baie waarde aan die eienskappe van arbeidstrots en verantwoordelike leierskap in die bedryfslewe van ons volk. Om 'n voorbeeld te noem: **Die werklike beheer van die landboubedryf sal toevertrou word aan die beste voormanne onder die boere, d.w.s. diegene wat as die verántwoordelike leiers in hul onderskeie landbouorganisasies na vore tree. M.a.w. die boeregemeenskap sal self sy sake reël onder die algemene leiding en toesig van die staat wat die ekonomiese lewe as 'n geheel moet koördineer.**

Ten einde te verseker dat die volk as geheel die hoogste mate van welvaart sal bereik deur die inskakeling en saamsnoering van alle volkskragte en nasionale hulpbronne, lê die O.B. as Volksbeweging hom daarop toe om 'n sosiale gesindheid by ons volk te kweek. Ons moet leef in 'n gees van „almal vir elkeen en elkeen vir almal", en „Volksbelang gaan bó eiebelang," d.w.s. in so vér die eiebelang bloot selfsugtig of seksioneel is. Elkeen van ons moet besef dat ons ons broer, ons volksgenoot, se hoeder is en dat as hy of sy in nood verkeer moet ons self 'n helpende hand uitsteek. Ons moet nie met die geringste moeilikheid altyd by die regering gaan aanklop nie. Dit ondermyn ons volkstrots. Ons moet liewer mekaar onderling help en probeer om deur ons eie arbeid en inspanning weer op die been te kom. **Die noodhulp-werksaamhede van die O.B. lewer 'n treffende voorbeeld van hierdie nuwe sosiale gesindheid. Toe van ons volksgenote in die nood geraak het, het ons nie by die Regering om hulp gaan aanklop nie maar hulle self te hulp gesnel.**

Hiermee het ons in breë trekke die grondslag van ons sosiale volkshuishouding uiteengesit, soos die O.B. dit as Volksbeweging nastreef en in ons Republikeinse Gesagstaat wil bestendig. In die volgende besprekings sal ons hierdie grondslag meer in besonderhede ontleed en veral nagaan hoe ons landbou, nywerhede, handel, geldwese, arbeid ens. daardeur geraak word.

## WANTROUE TUSSEN BONDGENOTE

Dit is baie opmerklik dat Stalin se eis om 'n tweede front in die jongste tyd 'n prominente plek in Reuter se nuusberigte inneem en dat dit sonder uitsondering in verband met die Quebec-konferensie genoem word. **Dit is ook veelseggend dat Stalin weereens in Quebec, soos op die baie ander Roosevelt-Churchill-konferensies van die verlede, nie slegs nie teenwoordig is nie, maar selfs ook nie verteenwoordig word nie.** Daar sal in die geskiedenis moeilik 'n voorbeeld gevind word waar 'n senior bondgenoot — en niemand kan betwis dat die Sowjet-Unie op grond van sy geweldige aandeel aan die oorlog met reg aanspraak op die titel van senior bondgenoot kan maak nie — so konsekwent van gewigtige oorlogskonferensies uitgesluit is. ,,Uitgesluit'' is die woord wat hier gebruik word en die redes wat vir die in-die-ooglopende Russiese afwesigheid aangevoer word, is te kinderagtig vir kommentaar.

**Russiese Reaksies**

Dit is nie die doel van hierdie kommentaar om in te gaan op die moontlike en waarskynlike redes vir die afwesigheid van die Russe in Quebec nie. Liewers wil ek stil staan by enige reaksies uit Moskou.

,,Op geen tydstip sedert die begin van die oorlog,'' berig Reuter se spesiale korrespondent in Moskou verlede Vrydag, ,,was die gevoel hier so besliss as vandag oor die wenslikheid en ook oor die gebiedende noodsaaklikheid en uitvoerbaarheid daarvan dat die Westerse bondgenote grootskaalse militêre operasies van stapel sal stuur — operasies wat sal ooreenstem met wat Rusland as 'n tweede front beskou.''

Die nuwe ontmoeting tussen Churchill en Roosevelt, aldus die Reuter-berig uit Moskou, het nou as 't ware 'n verrassing vir die Russiese publiek gekom en dit het nie nagelaat om 'n sekere mate van vrees aan te wakker nie, want — so word gevra — watter beginsel kan moontlik nog oorbly (na die baie ander konferensies) om oor te besluit?

Volgens die tydskrif ,,Oorlog en die Werkersklas,'' 'n soort van nie-amptelike orgaan van die Russiese departement van buitelandse sake, het die vorige konferensies tussen Churchill en Roosevelt ,,nie 'n oplossing gebring vir die vernaamste kwessie met betrekking tot die verwesenliking van die basiese verpligting van ons Brits-Amerikaanse bondgenote in die oorlog teen die gemeenskaplike vyand nie — hulle het nie die organisasie teweeggebring vir 'n tweede front in Europa wat nodig is vir die oorwinning oor Nazi-Duitsland nie.''

'n Paar dae later is Litwinof as Russiese ambassadeur onthef van sy amp. Hierdie wisseling van Russiese ambassadeurs in die V.S.A. terwyl die konferensie van Quebec nog aan die gang is, het opskudding verwek. Die tydstip wat vir die herroeping van Litwinof uitgekies is, word in Brits-Amerikaanse kringe beskou as 'n Russiese poging om die belangrikheid van die Quebec-konferensie te kleineer. Ook meen waarnemers in Quebec dat die herroeping van die Russiese ambassadeur ,,'n heldere aanduiding is dat Stalin se eis om 'n tweede front in Wes-Europa nie sonder voorbehoud aanvaar is nie.''

**Word Moskou Weer Gepaai?**

Hoewel die besluite van die Quebec-konferensie nog nie bekend is nie en ook nie gou bekend gemaak sal word nie, lyk dit of die twee westerse bondgenote hul Russiese bondgenoot 'n bietjie gerus wil stel. Daar word in Londen verneem dat ,,Geallieerde bevelhebbers vir elke offensiewe in Europa'' deur Roosevelt en Churchill aangestel is. Daar sal ,,met sekerheid voldoen word aan maarskalk Stalin se herhaalde eise om 'n tweede front''. Ook berig United Press uit Quebec ,,dat dringende stappe gedoen word om die lente-veldtog met die operasies van die Russe te koördineer.'' 'n Lente-veldtog beteken 'n uitstel van 'n tweede front vir nog sewe of agt maande. Dit is juis wat Moskou nie wil hê nie. Volgens Reuter is die ,,langer oorlog''-strategie van Londen en Washington iets ,,wat die Russe teen elke prys wil vermy en hulle beskou dit as onversoenlik met die verpligtings van Brittanje en die Verenigde State as bondgenote''.

Maar waarom sou die Russe 'n ,,langer oorlog-strategie teen elke prys wil vermy''? Vir die Sowjet-Unie met sy onmeetlike ruimtes en sy onuitputlike hulpbronne behoort 'n ,,langer-oorlog''-strategie juis goed te pas. Is die sorge van die Bolsjewiste miskien groter as algemeen bekend is? Is dit miskien moontlik dat hul geslaagde somer-offensief nie heeltemal volgens plan verder nie? Of is dit maar net gemene agterdog teenoor bondgenote wat vir Stalin wysmaak dat Amerikaners en Britte graag 'n uitgeputte Rusland en Duitsland wil sien sodat Washington en Londen dan die hoogste woord kan voer?

Op die oomblik, egter, lyk dit nie of Stalin se dringende eis in die nabye toekoms veel sukses sal hê nie.

## O.B. GROEI OP INDWE

Op 11 Augustus het Indwe sy deel bygedra tot Ossewabrandwagdag. By die opveiling het 'n pak vuurhoutjies die bedrag van £1 5s. opgebring.

Die sprekers het aan die woord gekom nadat komdt. Bekker almal bedank het vir die samewerking, ook die H.N.P.-lede wat ons uitnodiging aangeneem het.

Genl. Botha het op kragtige wyse die doel en strewe van die O.B. uiteengesit.

Komdt. Nel van Lady Grey, wat reeds vroeg al in die dag met sy luidspreker-toestel mense aangetrek het, het die O.B.-spreuk, ,,Ek is my broer se hoeder'' pragtig vertolk.

Vervolgens is afskeid geneem van ons geliefde genl. Botha wat om gesondheidsredes aftree as offisier.

Die kommando het 'n hele aantal nuwe lede bygekry en hoop om eerlang al sy ou lede weer terug te hê. —(Meegedeel.)

## ,,KAN NIE PLAAS NIE''

Ons is versoek om mee te deel dat die Aliwalse kommando op 27 Julie 'n advertensie van 'n O.B.-funksie **ten behoewe van die gesinne van geïnterneerdes** wat op 18 Augustus sou plaasvind, aan Die Volksblad gestuur het. Die volgende antwoord is daarop van die betrokke koerant ontvang: ,,Na aanleiding van u skrywe van 27 deser moet ons u meedeel dat ons nie u kennisgewing kan plaas nie.''


*Ten spyte*
van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit

**Schoemanello Drank....**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | Kissie van 12 bottels. PER BOTTEL.—As 9 van 1 tot 5 bottels neem in gemengde | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 6/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn E.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 6/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (6/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— S.M.B plus treingeld na sylyn. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.


Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.


ONS MENSE.....



in die goeie ou dae toe die lewe nog so maklik gegaan het, soos dit nou vir ons lyk. 'n Prent van 'n gelukkige, versorgde huisgesin!

Vandag se portret en modes lyk anders. Ook die lewenswyse het totaal verander. Maar één ding bly nog dieselfde—die behoefte aan versorging vir die gesin. En in vandag se haastige, drukke lewe is 'n veilige middel steeds

*'n Sanlam-polis*

SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28. KAAPSTAD

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON
OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat
BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.
Die MODERNEWINKEL



VAN RIEBEECK-TRUST
MAATSKAPPY BEPERK
SECURITY GEBOU (GRONDVLOER) REGOOR GARLICKS
KAAPSTAD



Opgerig kragtens Maatskappywet No. 46 van 1926.

DIREKTEURE:
Dr. J. D. M. Claassens (Voorsitter); dr. P. J. Botma; dr. J. H. Pienaar; mnre. M. J. H. Keet; J. J. Ackermann, en Van Aarde de Kock.

Die Maatskappy onderneem Geldbelegging; Eiendomsverkopings, Reëling van Lenings en Verbande op Vaste Eiendomme, en alle soorte Trust- en Afslaerswerk.

Die Opstel van Inkomstebelastingstate; tree op as Agente vir Verkopers en Kopers van Besighede, Vaste Eiendomme, Losgoed, ens. Doen Werk AS MAKELAARS.

Om verdere besonderhede skryf aan of besoek:

Die Waarnemende Sekretaris: MIKE SLABBER.
SECURITY-GEBOU (Grondverdieping), EXCHANGE PLACE
Posbus 1527. regoor Garlick, KAAPSTAD. Telefoon 2-8976.

Takkantore:

ARCADIA-GEBOU, VOORTREKKERWEG, BELLVILLE.
MICHAUSTRAAT 11, STRAND, Bus 56, Foon 178.

DIE O.B., WOENSDAG, 1 SEPT. 1943

# Die Oorlog Verjaar

Ons staan aan die begin van die vyfde oorlogsjaar. Dit is nie nodig om 'n oorsig te gee van die magtige militêre en politieke verwikkelings wat in hierdie tydbestek plaasgevind het nie. Die stryd het gegaan oor 'n idee, hoeseer daar ook al gepoog is om 'n ander kleur daaraan te gee, en die uitslag van hierdie stryd is reeds beslis. Weens die vertroebeling van die ware strydvraag het ook Suid-Afrika hom ingemeng op 'n wyse wat veroorsaak het dat die uitwendige magte van die staat aangewend word op die vernietiging van die innerlike aspirasies van die volk. Maar sowel wat die buitelandse as die binnelandse toestande betref, wil dit voorkom asof daar na vier jaar van verwarring eindelik klaarheid oor die strydvraag begin ontstaan. Op hierdie huidige oomblik is daar onmiskenbare aanduidings dat die kunsmatige karakter wat die oorlog aangedik was, nou sy versadigingspunt bereik het. Die waarheid is besig om uit te kristalliseer.

Toe die oorlog vier jaar gelede ontbrand het, het dit die afsluiting van die kapitalistiese eeu en die intreding van die sosialistiese tydperk aangekondig. Twee revolusionêre magte het aangestorm op verbreking van die ekonomiese en geestelike slawebande wat deur die geldmag en die verworde demokrasie gesmee is. Onder laasgenoemde twee tiranne het die groot arbeidsmassas regteloos en die volke van die wêreld staatloos geword. **Wanneer daar in 'n land soos Suid-Afrika 99 persone is wat meer as £20,000 per jaar aan inkomste ontvang, terwyl daar twintigduisende persone is wat minder as £99 verdien, en wanneer vreemdelinge kan besluit waar en vir wie die Boerevolk sy bloed moet stort, dan het ons 'n toestand van slawerny bereik wat nie langer deur menslike lankmoedigheid verdra kon word nie.**

Hierdie toestand, wat kenmerkend was van die hele westerse beskawing, kon alleen deur 'n sosialistiese revolusie verander word, d.w.s. deur die gees van broederskap en hoederskap. Maar hierdie broederskap kon nasionaal wees of anti-nasionaal. Dit kon geveg het vir die volledige vryheid van 'n volk of die vryheid van 'n wêreldklas.

Die twee revolusionêre magte, gemeenskaplike vyande van die kapitalisme, was terselfdertyd dus ook doodvyande van mekaar. Hierdie drieledige vyandskap was dan ook die oorsaak vir die eienaardige groeperinge van oorlogvoerendes — aanvanklik Duitsland en Rusland bymekaar en later die Geallieerdes en Rusland. Tans wil dit voorkom of die samewerking tussen laasgenoemde kombinasie sy breekpunt bereik het, en dit is waarskynlik nog net 'n kwessie van tyd om dit 'n voldonge feit te maak.

**Die belangrikste punt is egter dat die sosialistiese idee uit hierdie oorlog seëvierend gaan kom.** In Italië, waar die fascisme deur uitwendige omstandighede voorlopig ontsetel is, is die kommunisme besig om die vrugte van demokratiese geweld af te oes. Die onlangse verkiesing in Australië het ook laat deurskemer dat die anti-kapitalistiese kragte is wat in daardie land besig is om veld te wen. Dit het uitgeloop op 'n groot oorwinning vir die Arbeidersparty. Dat die uitslag nie ten gunste van die kommunisme sal wees nie, word aangedui deur die feit dat die nasionalisme totsover in alle Wes-Europese lande die oorwinning oor die kommunisme behaal het.

In ons eie land, waar die oorlog vier jaar gelede met so 'n geesdrif van stapel gestuur is dat dit lewensgevaarlik was om selfs maar die skyn van onsydigheid te openbaar, het daar 'n gees van vyandskap ontwikkel teen die kapitalistiese oorlogvoerders wat meer as een-derde van die soldate op hierdie stadium al beweeg het om geen deel te neem aan die demokratiese verkiesing nie. Met die sterk kleurbesef wat hierdie mense danksy die gelykstellingsbeleid van die Empire-bewind ontwikkel, kan hul sosialisme nie kommunisties gegrond wees nie. **Hulle moet dus beskou word as soldate van die komende Gesagstaat waarvoor die Os-**

(Vervolg op voet volgende kol.)

# Min of Meer Belangrik

### Ons Idee Wen Veld

'n Verdere bewys hoe die idee van die gesagstaat in breër kringe deurwerk, vind ons in die verslag van die voorsitter van die Vrystaatse Landbou-unie, mnr. H. A. J. Wium. „Die handel," aldus mnr. Wium, „sal moet besef dat die tyd van uitbuiting verby is en dat Suid-Afrika na die oorlog 'n beheerde ekonomie sal hê wat 'n redelike bestaan verseker aan iedereen wat in staat is om konstruktiewe werk te lewer en enigiemand sal uitskakel wat hom daarop toelê om sy medemense uit te buit. Die oorgrote meerderheid van die handelaars sal uitgeskakel word omdat hulle nie in staat sal wees om in so 'n beheerde ekonomie opbouende dienste te lewer nie."

Die huidige warboel in ons voedselbedryf toon egter hoe noodlottig dit is as 'n kapitalistiese bewind sy lyf sosialisties wil hou. Hy kan nooit slaag nie omdat hy partydig dink. As daar ooit sprake was van wolf as skaapwagter, dan is dit wanneer die kapitalisme vir die armes wil sorg. Die gesagstaat moet wees in die hande van die volk self deur middel van sy volksbeweging. Eers dan sal mnr. Wium se „uitskakeling" kan geskied.

* * *

### Hopie Sand Omgeskop

Toe ons kinders was en 'n maat tot 'n geveg gedaag moes word sonder genoegsame rede, was dit die gewoonte om 'n hopie sand te maak. Die uitgedaagde moet dan die hopie sand omskop, waarop die bakleiery volg. Dit is min of meer die posisie wat mens in die partypolitiek vandag kry. Daar moet baklei word, en dan word daar skoor gesoek oor sake wat in gewone omstandighede miskien nooit in die gedrang sou kom nie. Toe die Provinsiale verkiesings begin nader kom, kon mens in die pers allerhande gissings lees in verband met die vraag waaroor die stryd gevoer sou word. Ewe plotseling het ons gemerk hoe die een party vir hom 'n hopie sand maak van die moedertaalonderwys. Hy staan vir moedertaalonderwys en wee die een wat sy hand daaraan sit! Die ander party het nie links laat lê nie. „Ons tel die handskoen op!" het sy pers met groot genoegdoening aangekondig — hoog in sy skik dat daar darem iets gevind is waaroor baklei kan word. En vandag aanskou ons hoe die beleid van moedertaalonderwys in ons skole weer 'n brandende vraagstuk geword het. Watter gevolge dit vir ons volk kan inhou, maak vir die partypolitiek geen saak nie — solank hulle maar net 'n „plank" het om oor te twis.

Die O.B. is ten volle bewus van die belangrikheid van hierdie onderwysbeginsel, maar juis daarom vind hy dit so jammer dat dit in die partypolitiek gesleep is, waar dit by voorbaat 'n verlore saak gemaak is.

## K.G. WEK BESIELING

Groot besieling het uitgegaan van 'n informele byeenkoms wat verlede Donderdagaand ten huise van brandwag Schultz op Philippi gehou is waar 'n groot aantal persone die Kommandantgeneraal, dr. J. F. J. van Rensburg, en mev. Van Rensburg ontmoet het. Die onpartydige uiteensetting wat die K.G. van ons politieke toestand gegee het, het groot waardering vir en vertroue in sy leiding ingeboesem. Almal het geleentheid gehad om persoonlik met hom te gesels oor moeilikhede en vraagstukke. Die warme belangstelling van die K.G. het 'n diep indruk op die teenwoordiges gemaak onder wie ook 'n paar buitestanders. Na hoofkomdt. P. D. Cilliers, wat die K.G. voorgestel en bedank het, meedeel, het 'n hele paar nuwe lede by die kommando aldaar ingeskryf, en nog meer aansluitings word verwag.

(Vervolg van voorgaande kol.)

**sewabrandwag hom beywer.**

Na heelwat omswerwinge wat tot innerlike versterking en sorgvuldige voorbereiding gelei het, het ons volk nou na vier jaar daardie mate van ryphеid bereik wat hom in staat sal stel om sy toekomstaak te aanvaar. **Na 'n pynlike tweestryd tussen die ou en nuwe idee in die gemoed van ons volk, is dit tans duidelik dat die nuwe gedagte ten spyte van 'n oormag aan middele teen hom die oorwinning — wat eindelik tog moes kom — behaal het.** Met die Ossewabrandwag as draer van die nuwe gedagte staan ons volk na vier jaar van verwarring tans op die drumpel van sy toekoms, want aan die begin van hierdie vyfde jaar van oorlog is die oorwinning van die nuwe gedagte reeds wêreldwyd beklink. Die belangrikste taak van die Ossewabrandwag sal nou wees om die verdwaalde en versnipperde volkskragte tot 'n eenheid saam te voeg — nie 'n eenheid van **organisasie** soos die partypolitiek wil nie, maar van **toegewydheid** aan 'n gemeenskaplike volksroeping rondom die Volksbeweging. Daarvoor sal nodig wees 'n ruimer waardering vir die volksgenoot in die ander kamp wat deur partypolitieke skildslanery teen wil en dank in die vangstrikke van die een of ander parlementêre groepering gedryf is.

Berigte van politieke aard in hierdie uitgawe, tensy waar anders vermeld, is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

## BRITTE STERF UIT

### Oor 100 Jaar net 20 Milj.

Sowat twee maande gelede het in Engeland 'n boekie verskyn „Britain's Future Population" deur R. F. Harrod, dosent in Ekonomie te Oxford.

Allereers is dit opvallend hoe besorgd die skrywer is oor die toekomstige bevolkingsterkte van Engeland. **Die voortplanting is op die oomblik so swak dat Engeland se bevolking elke 30 jaar met een-kwart sal verminder.** Oor 100 jaar sal die Engelse bevolking dan skaars 20 miljoen tel. Harrod se slotsom is dan: „Ons sal onvermydelik sink tot 'n baie nietige onderdeeltjie van die mensdom." En sy merkwaardige erkenning is dan: „Ons staan sonder twyfel voor 'n grootskaalse krisis ten opsigte van ons volk." Om hierdie hopelose toestand van sake nog duideliker te laat spreek, sê die skrywer dat die Engelse **jaarliks** deur swak voortplanting meer lewens kwyt raak as gedurende die vorige wêreldoorlog **as geheel.** (In 1914-1918 het 750,000 Engelse in die oorlog omgekom.)

Die slotsom is dus dat die Engelse bevolking homself in sy huidige getalsterkte nie kan handhaaf nie. Die Britte is aan die uitsterf. Hulle het hul lewenskragtigheid verloor. Hulle verkeer, volgens Harrod, in 'n ernstige krisistoestand en sal in die toekoms slegs 'n onbenullige onderdeeltjie van die mensdom uitmaak.

As dit alles nou so is, **hoe is dit dan moontlik dat daar in Suid-Afrika nog steeds die kreet aangehef word dat grootskeepse immigrasie uit Engeland aangemoedig moet word?** Die antwoord is duidelik. **Die immigrasie moet nie dien om oorbevolking in Engeland te**

(Vervolg in voorgaande kol.)

(Vervolg van volgende kol.)

**verlig nie maar om die Afrikaners 'n minderheid te laat word.** Ons weet en die Engelse en imperialiste weet dit ook maar alte goed dat die Afrikaners meer voortplant as die Engelse in Suid-Afrika **en dat die Engelse minderheid dus al kleiner sal word** tensy daar grootskeepse immigrasie kom. **Die wieg is een van die magtigste wapens van die Boerenasie. Hierdie wapen wil hulle nou uit ons hand ruk óf deur grootskeepse immigrasie óf deur verkaffering.**

Hulle sou ook daarin geslaag het as die Ossewabrandwag nie daar was nie. **Hierdie volksbeweging sal keer dat die Boerenasie oorstroom en verswelg word deur uitlanders en kaffers.**

Wat verder in die boekie van Harrod opvallend is, is **dat die Duitse bevolkingsmoontlikheid van 1933 tot 1936 met 23 persent verbeter het omdat die voortplanting soveel verbeter het onder die verbeterde lewensomstandighede wat die nasionaal-sosialisme vir die Duitse volk geskep het.** Hier is Harrod se eie woorde: „Duitsland het binne 'n kort tydjie 'n merkwaardige herlewing ondergaan."

Dit kom alles daarop neer dat die **Duitsers se nasionale lewenskragtigheid herleef het toe die Duitse volk sy siel herwin het.**


## MARKAGENTE

## U

Ons is agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee, Groente, Vrugte, Voer en Vee.

## Volkskopermark BPK.

MôREMARK, NEWTOWN, Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62, JOHANNESBURG.

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

## „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

**Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.**

**Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.**

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese tonnel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf-Vertoning.)*

IN KAAPLAND, GEBIED A:

| | | | |
|---|---|---|---|
| KARREEDOUW | 31 Aug. | PEARSTON | 7 Sept. |
| UITENHAGE | 1 Sept. | JANSENVILLE | 8 Sept. |
| PORT ELIZABETH | 2 Sept. | ABERDEEN | 9 Sept. |
| ALEXANDRIA | 3 Sept. | GRAAFF-REINET | 10 Sept. |
| KIRKWOOD | 4 Sept. | MIDDELBURG | 11 Sept. |
| SOMERSET-OOS | 6 Sept. | STEYNSBURG | 13 Sept. |

# Moeder Draer van Volk se Lewe

## Dr. Cronjé oor Vrou in Volksbeweging

**,,'n Volk waar die kind nie meer van waarde geag en die moederskap nie in ere gehou en met die hoogste agting bejeën word nie, is 'n volk wat op die afdraend is en eintlik in die egte sin van die woord dekadent is," het prof. dr. G. Cronjé gesê in sy toespraak voor die A.N.S.-kongres te Potchefstroom toe hy oor die arbeid van die vrou gepraat het. Die eerste deel van die toespraak het reeds in twee vorige uitgawes van ons blad verskyn.**

Prof. Cronjé het verklaar dat op grond van die voorgaande uiteensetting dit nou vanself spreek dat die vrou in die Volksbeweging 'n eie en onderskeie taak moet hê net soos dit die geval in die huisgesin is.

Die werksaamhede van die vroue-vertakking van die Volksbeweging kan in twee hoofafdelings onderverdeel word, nl. ten eerste, **Vrouevolksake** (wat die onderskeie en spesifieke taak en werksaamhede van die vrou in die Volksbeweging is), en ten tweede, **Hulpdienste** (d.w.s. werksaamhede van die vrou wat in die Volksbeweging aanvullend is by dié van die man).

Die **Hulpdienste** staan veral in verband met (a) funksies, feeste, laertrekkings, ens.; (b) veldhulp (d.w.s. veldverpleging); (c) Volkspolitieke vorming (d.w.s. die opvoeding van die huisgesin in die ideologie, kultuur, lewensbeskouing, ens. van die volk).

Die **Vrouevolksake** behels veral (a) Volksorg; (b) die dogtersvertakking van die jeugbeweging; (c) sosiale noodhulp, en (d) arbeidsdiens van die vrou.

Die **Volksorg** is die sosiale versorging van die hele volksgemeenskap. Dit gaan uit van die standpunt dat alle volksgenote en veral huisgesinne in die een of ander opsig en in die een of ander mate hulp van die een of ander aard nodig het. Die volksorg verskil wesenlik van die maatskaplike werk soos dit vandag opgevat en beoefen word. Dit omvat veel meer as net bloot maatskaplike sorg. **Die volksorg is die sosiale versorging van die hele volk en nie net van die sogenaamde ,,minderbevoorregtes" of ,,armes" of ,,verwaarloosdes" of wat hulle ook al genoem mag word nie.** Ons stel ons op die standpunt dat **elke** volksgenoot en **elke** huisgesin iets kan leer of die een of ander nuwe gesindheid kan aankweek deur die beoefening van bepaalde opbouende en opvoedende bedrywighede saam met ander volksgenote en langs dié weg die eie lewenswyse op 'n hoër peil kan bring. Hoewel die een volksgenoot of huisgesin meer behoefte aan sosiale opvoeding en versorging het as 'n ander, is dit tog duidelik dat elkeen by daardie sosiale opvoeding en versorging baat kan vind.

Die **sosiale noodhulp** is nie net geldelike hulpverlening aan die huisgesinne van geïnterneerdes, gevangenes, ens. nie. Dit vereis ook die maatskaplike en geestelike versorging van daardie huisgesinne en dit moet noodwendig aan die vrou van die Volksbeweging toevertrou word.

### VROU AS MOEDER

In ons liberalistiese samelewing het die wanbegrip van die moederskap posgevat dat dit 'n blote las en beslommernis is terwyl daar selfs vroue is wat meen dat hulle 'n vername figuur slaan as hulle skimpend en minagtend van 'n groot kindertal praat. **'n Volk waar die kind nie meer van waarde geag word en die moederskap nie in ere gehou en met die hoogste agting bejeën word nie, is 'n volk wat op die afdraand is en eintlik in die egte sin van die woord dekadent is.** Ongelukkig is ons as volk, ten minste 'n deel van ons volk, nie van daardie dekadensie, d.w.s. geestelike verval, vry te spreek nie. Gelukkig is ons vandag besig om die liberalisme te verwerp en om in die plek daarvan te stel die lewensopvatting van die nasionalisme en die sosialisme in hul noodsaaklike onderlinge verbondenheid. **Ons het m.a.w. die taak aangepak om ons volkslewe geheelenal te herskep.**

**In hierdie herskeppingsproses moet allereers die opvatting dat die moederskap en die gesinsvorming die hoogste roeping en bestemming van die vrou is, in ere herstel word. Dit moet egter nie net by woorde bly nie en die volkstaat sal dit beslis nie by woorde laat nie.**

Wat is die toestande vandag? Duisende Afrikanervroue kan nie aan die moederskap reg laat geskied nie omdat die sosiale ellende en verwaarlosing hulle oorrompel het.

Hulle kan hul kinders nie sonder kommer en sorge en kwellings in die wêreld bring nie omdat hulle weet dat die inkomste ongenoegsaam en onseker is, omdat hulle weet dat hul kinders gebrek sal moet ly, omdat hulle weet dat hul 'n lewe van verwaarlosing tegemoetgaan, omdat hulle weet dat daar vir hul kinders nie die nodige vooruitsigte sal wees nie en dat hulle gevolglik handlangers in hulle eie vaderland sal word.

Dit sal voorwaar skynheilig wees om vir daardie vroue te gaan sê dat die moederskap hulle hoogste roeping is. Dit kan nooit die hoogste roeping van die vrou genoem word om kinders vir die sosiale verderf en ellende in die wêreld te bring nie. Dit sou die gruwelikste spotterny wees om dit te doen. **Laat ons eers 'n einde maak aan die sosiale onreg en uitbuiting, laat ons eers vir elke huisgesin 'n menswaardige lewensbestaan verseker, en laat ons dan vir die vrou van ons volk sê dat die moederskap en die gesinsvorming haar hoogste roeping is en dat sy daar die grootste volksdiens kan lewer.**

### ONS HOOP

Ons moet egter nog verder gaan. Daardie duisende Afrikanerkinders aan wie ons moeders jaarliks die lewe skenk, is nie maar net kinders van daardie en daardie ouers nie,—hulle is die kinders van ons volk. Net so is daardie honderde suigelinge van Afrikaanse moeders wat jaarliks onnodig die lewe verloor, ook kinders van ons volk. **Dit is kostelike lewens wat ons uit ons hande laat glip omdat die sosiale en geneeskundige sorg vir moeder en kind in gebreke bly.**

Maar meer nog. Wanneer daardie kinders nie maar net kinders van hul ouers is nie, maar kinders van die volk, dan is daardie moeders ook nie maar net moeders van hul kinders nie, maar moeders van die volk. **Ons moeders is die draers van die lewe van die kind en dus die lewe van die volk.**

Hierdie opvatting moet in die sosiale volksorg die eerste plek inneem. Dit moet egter ook in ons Volksbeweging op die voorgrond gestel word. In die stryd wat ons moet voer en in die grootse roeping wat ons as nasie op hierdie reusagtige vasteland aanvaar, het ons allereers mensemateriaal nodig,—goeie mensemateriaal en genoeg mensemateriaal! Ons moet m.a.w. 'n gesonde en lewenskragtige volk en 'n getalsterke volk wees. Dit moet ons nie uit die oog verloor nie, want dit is die eerste en die vernaamste. Dit is waar dat ons harde knoue gekry het. Dit is waar dat die gehalte en die getalle van ons volk swaar gely het deur die byna ontelbare bloedoffers wat ons moes bring en deur die bittere sosiale ellende wat ons tans moet deurworstel. **Dit is alles waar, maar die geloof en die hoop is nog daar. Mag ons geloof dié wees van die Afrikaanse vrou en moeder! En ons hoop? Ons hoop is gevestig op die wieg van die Afrikanervrou. Die wieg van die Afrikanervrou (laat ons dit tog nooit vergeet nie!), die wieg van die Afrikanervrou (laat ons dit onthou in die ongelyke stryd wat ons moet voer!), die wieg van die Afrikanervrou is magtiger as die swaard van die veroweraar!**

W. F. CARSTENS
(Edms.) Bpk.
BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE
Centralweg 52, Fordsburg
Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

### DIE NOODHULPFONDS IN NOOD

Ds. S. J. Stander, hoof van die Noodhulp, doen onderstaande dringende oproep:

Daar is weer 'n oortrekking van die Noodhulpfonds. Die verpligtinge van hierdie Fonds is groot, gedurig en dringend. Ons eer en goeie trou aan ons mede-Afrikaner is hier op die spel en ons is verplig om 'n beroep op u, wat nog u vryheid geniet en oor 'n gereelde inkomste beskik, te doen om in die bres te spring. Ons weet u het al baie gedoen en is dankbaar vir wat u gedoen het, maar ons het hier te doen met 'n saak waar die Skrifwoord geld: ,,Wie sy hand aan die ploeg geslaan het mag nie omkyk nie." Solank as wat die huidige bewind voortduur, sal ons die noodhulpgevalle he soos die armes wat altyd met ons sal wees. Onthou, mede-Afrikaner, dit mag môre u eie wees wat in nood is of u eie belang wat in die gedrang is. Vanuit die huise van geïnterneerdes, van hul eggenotes en kinders kom 'n geroep na ons soos 'n noodkreet wat klink: ,,Help!" en die oë van gebonde geïnterneerdes is op ons gerig waaruit die taal glans van: ,,Sal ons mede-Afrikaners ag gee op die geroep, sal ons die smart by ons bande moet verduur om te verneem dat hulle wat so baie maal sing: ,Ons sal offer wat jy vra' 'n dowe oor keer aan die geroep van ons dierbares terwyl ons ons vryheid geoffer het op die altaar van volkswording?" Kom Afrikaners skrik wakker en spring in die bres!

Onthou die Latynse spreuk: ,,Bis dat qui cito dat", Hy wat gou gee, gee dubbel.

Laat die verbluffing waarin die eleksie vele gebring het u nie laat droom en drentel totdat u mede-Afrikaner met u in die moeras van moedeloosheid beland nie.

Spring op en doen! Doen kragtig, doen gedurig, doen volhardend en daar sal geen wolk van pessimisme u oorskaduwee nie. Net leeglêers het tyd om moedeloos te word.

(Get.) S. J. STANDER,
Noodhulphoof.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
TOT U DIENS!
V.M.K. AANBEVEEL.

Waarde vir geld
Kommando

sigarette

Ondersteun Ons Adverteerders!

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:
,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.
Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: ,,'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ____________
Naam ____________
Adres ____________
(O.B., 18 Aug. 1943.) ____________

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).
HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Kaapland stuur aan Posbus 1411, Kaapstad. Transvaal, Vrystaat en Natal stuur aan Posbus 4892, Johannesburg.

### GEBOORTE

VAN RENSBURG. — Op 11 Aug. 'n fris O.B.-sussie vir Ria en klein Willie. Dank aan die goeie Gewer. Die dankbare ouers. Komdt. en mev. Willie van Rensburg, Kleinplaas, Cradock.

SCHEEPERS. — Aan Adjudant en Asst. Veldkte. P. B. Scheepers, Dagbreek, Alexandria is 'n gesonde O.B.-seun toevertrou op 16 Augustus.

STRAUSS. — Aan Hoofkomdt. en mev. J. A. Strauss, Parow, 'n fris O.B.-seun op 21 Augustus. Albei wel. Dank aan suster en verpleegster.

VAN RENSBURG. — Aan Korplc. en manskap J. D. J. van Rensburg, Amalienstein, 'n fris O.B.-seun op 15 Augustus. Naas die Heer dank aan dokter en matrone.

SLABBERT. — Aan Komdt. en mev. Johan Slabbert, Kroonstad, 'n fris O.B.-dogter op 14 Augustus. Moeder en dogter wel.

KORB. — Aan mnr. en mev. A. J. Korb van Krugersdorp-Wes, 'n fris O.B.-dogter op 6 Augustus. Naas die Heer innige dank aan dokter en verpleegster.

### VERLOWING

BLIGNAUT — GROBLER: Die verlowing word bekend gemaak van Neelsie Grobler, Doornhiek, en Philip Blignaut, Villieria, Pretoria.

### DOODBERIG

WESTENRAAD. — Die Heer het op 15 Augustus van ons weggeneem, ou liewe moeder Dorithea Katriena Westenraad (gebore 8 Desember 1850). Stil was haar lewe, lyding en sterwe. J. J. Westenraad en gesin, George.

### IN MEMORIAM

RAS. — Een jaar is verby en in stilte dink ons terug aan 24 Aug. toe ons dierbare vader, Brandwag Jan Ras, verhuis het na sy ewige rus. Die Kinders.

### TE KOOP

GROOT Lugband Trekker (model 25, Massey Harris) 26 — 40 Perdekrag, met 'n Ransomes Dorsmasjien, kompleet met kafblaser (Calle van Nickerk-patent). Kafblaser op vier wieletjies. Vir besonderhede skryf aan: A. J. Mouton, Gelukwaarts, Citrusdal.

DE LA ROCHE, Geregistreerde Jersey Stoetery. Wenner van 14 pryse, insluitende twee Kampioenskappe op Paarlse Tentoonstelling 1942. Verse en jongbulle gewoonlik op hande. Andre du Toit, Noorder Paarl.

VRAGMOTOR. — 1937 Studebaker „Ace," 2 — 2½ ton. Kondisie goed. Splinternuwe agterbande 34 x 7; spaarband byna nuut. Nuwe „Exide" 17-plaat battery. Prys £298. V.O.S. Campher of Uniondaleweg. Verdere besonderhede: C. Potgieter, Keysers, Uniondale.

LOOGAS teen 8/- per 100 lbs., gelewer Plathuis-spoorhalte. K.M.B. A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.

GESERTIFISEERDE Arran-Chief moere van Outeniqualand-Saadaartappelkwekersvereniging teen 25/- per sak. Kontant met bestelling. Doen aansoek by Sekretaris: M. Barnard, Langhoek, Grootbrakrivier.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6679, Johannesburg.

PATATRANKE. — Mooi uitgespruite Sesmaande ranke, 5/- vir 85 pond; Driemaande wit, 4/6 vir 45 pond; Borrie, 4/6 vir 45 pond. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B. J. Gerber, P/sn., P.K. Hockwil, Dist. George.

PATATRANKE van die beste gehalte. Sesmaande ranke teen 5/- vir 85 pond. Borrie en Witranke, Driemaande teen 4/6 vir 45 pond. K.M.B. S. P. Gerber, P/S. Serpentine, Dist. George.

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-Beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.

BROEIEIERS van Australorps, Wit Leghorns, Rhodes, Geel Orpington- en Leghornkruising £2-5-0 per 100. 7/- per dosyn. Dagoudkuikens £6 per 100. Besonderhede van J. S. Viljoen, posbus 183, Bethlehem.

AARTAPPELMOERE. — Bied aan Arranchief-moere met A-sertifikaat teen 25/- per sak. Ook ongesertifiseerde moere, maar goed, 20/- per sak 153 pond V.O.S. Georgestasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by H. D. Metelerkamp, Groothoek, Posbus 47, George.

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Bieste-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Eins.) Bpk., waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randmure ens. Vir meer besonderhede skryf aan Posbus 2, Maitland, of telefoneer 5-4420, of na-ure 5-2823. Adres: Voortrekkerweg, Maitland.

ROOIGROND patatranke. Sesmaande ranke 5/6 vir 85 pond; Driemaande 5/- vir 45 pond; Borrie-patatranke 5/- vir 45 pond. Kontant met bestelling. Tevredenheid gewaarborg. B. H. Gerber, Olifantshoek, P.K. Hockwil, Dist. George.

DIE Rosserwo Melkery en Slagtery, High straat 143 en 107, Brixton, vir melk en vleis van die beste gehalte. Ons besigheid is 100% Afrikaans.

### TE KOOP GEVRA

CATTERPILLAR of „Allis-Chalmers-Kruiptrekker" van 25 perdekrag. Meld toestand, jaar, model en prys. Dringend. W. Steyn, P.K. Schagen.

### BENODIG

FLUKSE jongman 18 tot 21 jaar om behulpsaam te wees in winkel en op plaas. Moet eerlikheid kan waarborg. Ondervinding nie nodig. Vry inwoning. Meld salaris. Getuigskrifte moet aansoeke vergesel. G. C. Viljoen, P.K. Rooipan.

### BETREKKINGS

BEVOEGDE messelaar om buitegeboue op plaas op te rig. Skryf dadelik om verdere besonderhede aan W. E. Wilson, P.K. Leheou, Dist. Waterberg.

### BETREKKING GEVRA

JONG Afrikanerdogter van 20 jaar, met 2 jaar handelskursus, wat in die volgende vakke geslaag het: Afrikaans, Engels, Handel, Boekhou, Snel- en Tikskrif soek 'n betrekking by 'n Afrikaanse Besigheid, en is bereid om enige tyd dienste te aanvaar. Doen aansoek by: C. Schoeman, Swartgrond, P.K. Kommandokraal, oor Vondeling, K.P.

### BOERDERYVENNOOTSKAP

BOERENDE vennoot benodig vir plaas in Nelspruit. 500 morg. Sterk water en reënval. Pasopgerigte moderne huis. Vennoot moet £500 kapitaal of losgoed belê vir gedeeltelike eienaarskap. Aanbeveling van twee O.B. offisiere 'n vereiste. Stuur besonderhede aan Posbus 4892, Johannesburg.


## KORRESPONDENSIEKURSUS

AFRIKANERS LUISTER HIER! — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energiebokursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v NUWE- en GARCIASTRAAT
Foon 68 — — Posbus 54
BEAUFORT-WES


ONDERSTEUN U BLAD DEUR U ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

# *Viering van Ossewabrandwagdag*

### GRIKWASTAD

Op 7 Augustus is aan die voet van die Langberge 'n uiters geslaagde funksie gehou op die plaas Bakenskop. 'n Mooi bedrag van £50 is ge-in.

Komdt. P. J. van der Westhuizen was in bevel en hoofkomdt. W. I. Venter het die verrigtinge geopen. Genl. B. J. Vorster van Kimberley, het 'n baie duidelike uiteensetting gegee van die Volksbeweging-gedagte, terwyl hoofkomdte. mev. Hendriks, ook van Kimberley, die opvoeding van die kind behandel het.—(Meegedeel.)

### CEDARVILLE

Cedarville, Oos-Grikwaland, het ondanks die heersende griep £152 op 7 Augustus ingesamel. Genl. C. A. Pienaar, gebiedhoofgeneraal van Natal, het die verrigtinge bygewoon.

### BRANDVLEI

Die Brandvlei-kommando onder komdt. N. D. L. Burger het op sy funksie vir Ossewabrandwagdag ongeveer £150 byeengebring. Die syfer is egter nog nie finaal nie. Uitbundige geesdrif het by die geleentheid geheers, ondanks die droogte en vervoermoeilikhede in hierdie uitgestrekte gebied. —(Meegedeel.)

### BULTFONTEIN

Die kommando van Bultfontein het met die pragtige samewerking van sy lede die mooi bedrag van £55 ingesamel met die viering op 7 Augustus.—(Meegedeel.)

### CERES SE PRESTASIE

Die groeikrag en geesdrif van die Ossewabrandwag was kenmerkend van die funksie by geleentheid van Ossewabrandwagdag op Ceres. **Byna elke lid van die Ceres- en Gydo-kommando's was teenwoordig, en die wyse waarop gewerk is, is iets wat nie in die verlede bekend was nie. Die opbrengs van die funksie was dan ook nagenoeg £430 in vergelyking met £300 verlede jaar toe ook Wolseley-Breërivier saamgewerk het.** Laasgenoemde het vanjaar 'n eie funksie gehou wat £120 ingebring het. Die vergelykende syfers is dus £550 teenoor £300 — bykans 'n verdubbeling. Die funksie is afgesluit met die vertoning van Die Gedissiplineerde Afrikanerdom. Ongeveer 900 persone was teenwoordig. — (Meegedeel.)


MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Belangrike Boeke

Vername Persone uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. 6/6 p.v.

Die Afrikaanse Vrou. 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. 6/6 p.v.

Mietes en Sages van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam 6/6 p.v.

Skandinawiese Vertellinge .. 4/6 p.v.

Suid-Afrikaanse Soogdiere deur dr. C. S. Grobbelaar 6/6 p.v.

Die Stem van die Volk. Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. .. 1/6 p.v.

Saam Verban, deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. 5/6 p.v.

Stuur u bestelling aan
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Die Laan — Stellenbosch

Ondersteun Ons Adverteerders

VAN ZYLS

HOOFSTRAAT, PAARL.

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

Netjiese Snyerspakke en Jasse vir die Winter.

BESOEK ONS VIR U WINTERBENODIGHEDE.

'n Pragtige verskeidenheid Warmjasse, Oortrek-Jersies, ens.

OOK OP — — — PORTERVILLE

Voorslag-Pynpoeiers Die Veilige Verbanner van ALLE PYNE

Hoofpyn, Sinkingspyn, Rumatiek, Vroulike Pyn, Tandpyn, Verkoues en Influensa

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.